# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (17/20)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 8 May 2020*

***"I prefer dangerous freedom over peaceful slavery" Thomas Jefferson***

**JOBS FUNDS PROJEK DEUR CGA BEKEND GESTEL**

Die Citrus Growers Association (CGA) het 'n versoek vir aansoeke vir die R307 miljoen "Economic Transformation of Black Citrus Growers Programme" wat bekend gestel is, gerig. Die program sal na verwagting nog 'n addisionele 1 726 permanente en seisoenale werksgeleenthede in die sitrusbedryf skep.

Dit is welkome nuus, aangesien Suid-Afrika met die moeilike taak begin het om sy ekonomie te herbou te midde van die Covid-19-uitbraak. Die skepping van werksgeleenthede, veral in ons landelike gebiede, is 'n noodsaaklike stap op pad na ekonomiese herstel.

Verlede jaar het die CGA 'n aansoek by die Jobs Funds ingedien vir 'n projek wat befondsing en tegniese ondersteuning aan swart sitrusprodusente beskikbaar sou stel wat die vestiging, uitbreiding en rehabilitasie van boorde, asook die ontwikkeling van verskeie infrastrukture op die plaas, wat pakhuise, grootmaat-watervoorsiening en besproeiingstelsels ingesluit het.

Die Jobs Funds het R118 miljoen aan die projek bewillig, en die Landbank het ingestem om 'n bykomende R116 miljoen aan leningsfinansiering by te dra. Die CGA het R24 miljoen bygedra, terwyl die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en AGRISETA onderskeidelik R34 miljoen en R12 miljoen beloof het.

Om in aanmerking vir finansiering te kom moet produsente 'n minimum van 60% swart eienaarskap hê (van bates sowel as bedrywighede) soos in die B-BBEE-Wet van 2013 beskryf, terwyl ondernemings met 100% swart eienaarskap voorrang sal geniet. Ander kriteria waaraan voldoen moet word, sluit in: die produksie of verpakking van sitrus wat uitgevoer word, beskik oor gepaste bestuurstrukture, verhoudings met eksterne diensverskaffers (finansiële ouditeure, regsdienste, logistiek, vrugte-uitvoer, ens.), planne vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne, sekuriteit van grondbesit en voldoende watervoorsiening. Die belangrikste is dat aansoekers ook moet bewys kan lewer dat hulle permanente en seisoenale werksgeleenthede met die ontwikkelingsbefondsing sal kan skep.

Swart sitrusprodusente wat belangstel om aansoek vir finansiering te doen, kan https://cga-gdc.org.za/jobs-fund-application besoek vir meer inligting en hul aansoeke elektronies indien.

**COVID-19: 60% VAN DIE POPULASIE GAAN DIT KRY**

In my eerste jaar in die Ekonomie-klas het die dosent vir ons gesê om na links te kyk en dan na regs te kyk - en net een van ons gaan slaag. Die slaagsyfer vir Ekonomie 1 was 33%. Gesondheidskenners dui aan dat 60% van die bevolking die korona-virus sal opdoen. Die meeste sal dit as 'n ligte griep ervaar. Die probleem is dat daar mense is met 'n swakker immuunstelsel en bejaardes wat kan swaarkry, waarvan sommige kan sterf. Daar is baie menings oor wat die beste is om te doen in die lig van hierdie pandemie - diegene wat sê dat die kudde-immuniteit die beste is; diegene wat sê dat 'n volle inperking moet voortgaan, en die meeste wat baie bly is dat hulle nie die besluit hoef te neem nie. Aangesien die meeste van ons die siekte gaan opdoen, moet ons simpatie hê met diegene wat wel met die CVD-19 te kampe het; dit is nie 'n doodsvonnis nie en hulle het sekerlik nie doelbewus siek geraak nie. Ons moet ons werk doen sonder om bang te wees om die virus op te doen - een uit drie van ons gaan siek word, die meeste sal beter word met min pyn en lyding. Ons moet net die kwesbaarste beskerm.

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 18 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2018** | **2019** | **2020** | **2019** | **2020** | **2020** | **2020** | **2019** |
| Pomelo's | 3.1 m | 3.9 m | 3.7 m | 1.1 m | 2.1 m | 16.7 m | 16.7 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 2.7 m | 2.1 m | 2.7 m | 1 m | 2 m | 23.3 m | 23.2 m | 18.3 m |
| Suurlemoene | 5.5 m | 4 m | 9.3 m | 2.6 m | 7 m | 26.4 m | 27.1 m | 22.1 m |
| Nawels | 0.6 m | 0.5 m | 0.7 m | - | 0.2 m | 26.5 m | 26.5 m | 24.3 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.2 m | - | - | - | 50.4 m | 50.4 m | 46.8 m |
| **Totaal** | **12 m** | **10.7 m** | **16.4 m** | **4.7 m** | **11.3 m** | **143.3 m** | **143.9 m** | **127.5 m** |

**CGA GROEP MAATSKAPPYE (CRI, RIVIER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**